



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2

MODEL 2008

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1**

Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1 – 1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.11 D.

- 1.1 Watter EEN van die volgende word NIE geassosieer met die verkryging van hulp wanneer 'n sagtewarepakket gebruik word nie?
- A Makro's
 - B AVV ('FAQs')
 - C Wysgeer ('Wizard')
 - D F1-sleutel
- (1)
- 1.2 Watter EEN van die volgende terme hoort NIE logies by die ander nie?
- A EDGE
 - B GPRS
 - C ISDN
 - D HSDPA
- (1)
- 1.3 Watter EEN van die volgende sou NIE 'n oorweging wees wanneer daar besluit word oor watter kommunikasiemetode gebruik moet word om die bevindinge van navorsing vir 'n teikengehoor aan te bied nie?
- A Is daar 'n behoefte aan sulke wisselwerking?
 - B Hoeveel detail moet oorgedra word?
 - C Hoe lank is die aanbieding?
 - D Watter soekenjin moet gebruik word?
- (1)
- 1.4 Watter EEN van die volgende is 'n tipiese voorbeeld van 'n WAN?
- A Gebruikers wat via 'n Bluetooth-konneksie verbind is
 - B 'n Netwerk in 'n skool
 - C Enige netwerk wat met veseloptika-kabel verbind is
 - D 'n Bank se landswye netwerk
- (1)
- 1.5 Watter EEN van die volgende e-pos-opsies laat jou toe om 'n kopie van die boodskap te stuur sonder dat die ontvanger se naam aan die ander ontvangers van die boodskap sigbaar is?
- A Cc
 - B To
 - C Bcc
 - D Forward
- (1)

- 1.6 Watter EEN van die volgende is NIE 'n oorweging wanneer 'n breëbandaansluiting gekies moet word nie?
- A Cap
 - B Tipe netwerkkaart wat gebruik word
 - C Besikbaarheid en dekking
 - D Behoefte aan draagbaarheid (1)
- 1.7 Watter EEN van die volgende terme hoort NIE logies by die ander nie?
- A HTTPS
 - B Amazon.com
 - C Spil ('Hub')
 - D 'Shopping cart' (1)
- 1.8 Watter EEN van die volgende word NIE met groen rekenaarsistels ('green computing') geassosieer nie?
- A Papierlose kantore
 - B Hergebruik van inkhouders ('ink cartridges')
 - C Gebruik van hardeware wat Energy Star-versoenbaar is
 - D Vervang rekenaartoerusting elke drie jaar (1)
- 1.9 Watter EEN van die volgende is NIE 'n neiging wat met die vinnige groei in tegnologie geassosieer word nie?
- A Konvergensie
 - B Meer privaatheid
 - C Behoefte aan lewenslange leer
 - D Kenniswerkers ('Knowledge workers') (1)
- 1.10 Die geskikste grafiek om 'n neiging soos die brandstofprys oor 'n tydperk te vertoon, is 'n ...
- A sirkelgrafiek ('pie chart').
 - B lyngrafiek ('line chart').
 - C verspreidingsgrafiek ('scatter chart').
 - D staafgrafiek ('bar chart'). (1)

[10]

VRAAG 2

Kies 'n term/begrip uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – O) langs die vraagnommer (2.1 – 2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.11 P.

KOLOM A		KOLOM B
2.1	Die elektroniese ekwivalent van 'gemorspos' wat in massa uitgestuur word sonder dat die ontvangers dit aangevra het	A ADSL B BTAS ('BIOS')
2.2	'n Hardwarekomponent ('hardware component') wat deur maatskappye soos Intel, AMD en Motorola vervaardig word	C SVE ('CPU') D CTS
2.3	'n Draagbare, kabellose internetverbinding wat in Suid-Afrika beskikbaar is	E dpi F eBay
2.4	'n Poort wat algemeen gebruik word om hardeware, wat wissel van drukkers tot geheuestokkies, te verbind	G EULA H GPS
2.5	'n Toestel wat 'n rekenaar in staat stel om inligting via telefoonlyn te stuur en te ontvang	I iBurst
2.6	'n Voorbeeld van 'n draagbare, kabellose, digitale oudiospeler	J iPod K modem
2.7	'n Maateenheid om resolusie wat met sowel monitors as drukkers verband hou, te meet	L bpm ('ppm')
2.8	Tegnologie wat stemgesprekke via 'n netwerk soos die internet kan laat plaasvind	M spam N USB
2.9	'n Voorbeeld van 'n aanlynveiling-webtuiste	O VoIP
2.10	'n Toestel wat gebruik kan word om jou geografiese ligging te bepaal deur satelliettegnologie te gebruik	

[10]**TOTAAL AFDELING A: 20**

AFDELING B**SCENARIO**

Jou skool, Columbus Hoërskool, gaan die gasheer wees vir 'n groot skole-atletiekbyeenkoms. Jy dien op die reëlingskomitee. Daar word van jou verwag om tegniese raad te gee, te help met die voorafbeplanning, om die gebeure van die dag te bestuur en om aan die einde van die dag verslag te doen oor die prestasies van deelnemers en skole, die uitgewes van die dag en ander toepaslike items.

VRAAG 3

3.1 Die skoolhoof is effens skepties oor die nodigheid daarvan om rekenaars tydens die sportbyeenkoms te gebruik aangesien hulle 'dit nog nooit vantevore nodig gehad het nie en alles goed verloop het!'.

3.1.1 Antwoord op die skoolhoof se standpunt deur TWEE voordele van die rekenarisering van die data te noem in teenstelling met die verwerking van data en inligting per hand, soos wat in die verlede tydens byeenkomste gedoen is. (2)

3.1.2 Noem TWEE potensiële gebreke of hindernisse wat dalk te bowe gekom sal moet word indien die organiseerders besluit om voort te gaan om rekenaartegnologie te gebruik om die atletiekbyeenkoms te help organiseer en te bestuur. (2)

3.2 Jou skool het aangebied om 'n bykomende rekenaar aan te koop om op die dag van die atletiekbyeenkoms te gebruik. Bestudeer die advertensies wat hieronder getoon word:

Intel® Centrino® Duo Mobile Technology

- Intel Core™ Duo 1.2 GHz Processor
- Mobile Intel® 945PM Express chipset
- P5 motherboard
- 4 X USB2.0 ports
- Wireless Internet
- Microsoft Windows XP Professional
- Microsoft Office
- 512MB DDR RAM
- 80GB SATA Hard Drive
- 15" WXGA screen
- Dual Layer DVD writer



R5 999.99



Intel® Pentium® IV

- Intel Core™ Duo Processor
- 2.1 GHz Intel Pentium 4
- 1024 MB RAM
- 160 GB SATA HDD
- Mouse & 101-keyboard included
- 24" Samsung Synmaster Digital SVGA monitor
- Novell Suse Linux 9.0 edition
- LOGIC sub-woofer speakers with multi-driver
- USB ADSL Mecer modem with Conexant chipset
- CD/DVD-RW drive 32x

R3 999.99

- 3.2.1 Watter van hierdie rekenaars het die vinnigste SVE-spoed ('CPU speed') (skootrekenaar of tafelrekenaar)? Spesifiseer die spoed van hierdie SVE in jou antwoord. (2)
- 3.2.2 Wat is die kapasiteit van die primêre geheue van die skootrekenaar wat aangebied word? (1)
- 3.2.3 Identifiseer die oopbronbedryfstelsel wat saam met een van hierdie rekenaars aangebied word. (1)
- 3.2.4 Die twee tipes internetkonneksies wat in die advertensies genoem word, is kabelleos en ADSL. Gee TWEE redes waarom 'n kabelleose eerder as 'n ADSL-internetkonneksie op die dag van die byeenkoms gebruik moet word. (2)
- 3.2.5 Die skootrekenaar sluit 'n DVD-skrywer in. Sal hierdie toestel in staat wees om CD's te lees en skryf? Motiveer jou antwoord kortliks. (1)
- 3.3 Jy sou graag 'n digitale kamera wou hê om rekord te hou van die dag se gebeure. Noem TWEE spesifikasies, buiten die koste en die waarborg, wat jy moet oorweeg wanneer 'n digitale kamera gekies word. (2)
- 3.4 Na die byeenkoms moet die foto's ook beskikbaar wees om in 'n nuusbrief ingesluit te word of om op die skool se webtuiste geplaas te word. Noem TWEE maniere waarop die fotolêers van die digitale kamera na die rekenaar oorgedra (gestoor) kan word. (2)
- 3.5 Jy wil in staat wees om kleurfoto's van goeie gehalte van die byeenkoms te druk. Beveel die beste *tipe* drukker aan om hierdie taak te verrig. (1)
- 3.6 Die rekenaar wat jy gekies het, het 'n kabelleose muis. Noem EEN voordeel en EEN nadeel daaraan verbonde om 'n kabelleose muis op die dag van die byeenkoms te gebruik. (2)
- 3.7 Noem EEN voordeel en EEN nadeel daaraan verbonde om die skootrekenaar eerder as die tafelrekenaar op die dag van die byeenkoms te gebruik. (2)

[20]

VRAAG 4

- 4.1 Voor die byeenkoms moet alle vorige rekords, asook die besonderhede van deelnemers, in 'n databasis vasgelê en gestoor word. Weens die groot hoeveelheid data wat benodig word, sal datavasleggers baie ure voor 'n rekenaar moet sit.
- 4.1.1 Een van die algemene kwale wat met baie ure se tikwerk op die rekenaar geassosieer word, is 'RSI'.

Verduidelik kortliks wat 'RSI' is. MOENIE verduidelik waarvoor die Engelse afkorting staan nie, maar beskryf eerder wat die term beteken. (1)
- 4.1.2 Een van die maniere om 'RSI' te voorkom, is om 'n ergonomies ontwerpte sleutelbord te gebruik. Beskryf wat die term *ergonomies* beteken deur te verwys na 'n kenmerk wat jy tipies op 'n ergonomies ontwerpte sleutelbord sal vind. (3)
- 4.1.3 Stel TWEE moontlike metodes voor waarop data wat nie insleuteling (intik) nodig het nie, vasgelê kan word. (2)
- 4.2 Die program moet vorige Suid-Afrikaanse rekords vir elke item insluit. Die beste bron vir hierdie inligting sal die internet wees. Jou aanvanklike soektog na 'SA records' verskyn met 76 900 000 trefresultate ('hits')!
- 4.2.1 Stel TWEE maniere voor waarop jy jou soektog kan verfyn om 'akkrater' resultate te verkry. (2)
- 4.2.2 Jy het twee dae gelede op dieselfde rekenaar gewerk en het 'n toepaslike webtuiste gevind, maar kan nie die URL onthou nie. Hoe sal jy hierdie webtuiste vind sonder om weer van voor af te begin soek? (1)
- 4.2.3 Jy sou graag gereeld toegang tot hierdie webtuiste wou verkry. Wat is die beste manier om die URL vinniger toeganklik in die toekoms te maak? (1)
- 4.3 Jy het die program vir die byeenkoms as 'n aanhegsel na 'n drukkersmaatskappy gestuur, maar hulle brandmuur ('firewall') het die aanhegsel verwerp. Hulle stel voor dat die dokument in PDF-formaat gestuur word.
- 4.3.1 Verduidelik wat 'n *brandmuur* is en wat die funksie daarvan is. (2)
- 4.3.2 Gee TWEE moontlike redes waarom 'n brandmuur 'n e-pos-aanhegsel dalk kan verwerp. (2)
- 4.3.3 Waarom stuur mense dikwels aanhegsels in PDF-formaat? Verduidelik kortliks in jou antwoord wat *PDF-formaat* is. (2)

- 4.4 Die drukkersmaatskappy versoek ook dat jy 'n CD met die program van die byeenkoms daarop brand.
- 4.4.1 Wat beteken dit om 'n *CD te brand*? (1)
- 4.4.2 Watter toerusting sal jy benodig om 'n CD te brand? (1)
- 4.4.3 Nadat jy probeer het om die CD te brand, kan jy dit nie lees nie.
- Neem aan dat die rekenaarhardeware in werkende toestand is en gee TWEE wenke of voorstelle oor wat om te doen om dié probleem op te los. (2)
- [20]**

VRAAG 5

- 5.1 Jy het besluit om jou woordverwerkingsprogram te gebruik om 'n program vir en 'n uitnodiging na die byeenkoms te ontwerp.
- 5.1.1 Jy wil graag 'n tabel van die dag se gebeure insluit, maar dis te breed om dwars oor die bladsy in te pas. Noem TWEE maniere waarop jy hierdie probleem kan oplos, buiten om die font of die fontgrootte te verander. (2)
- 5.1.2 Die prentjie wat jy by die uitnodiging wil invoeg, hou aan om 'rond te spring' en agter die teks te verdwyn. Gee die waarskynlikste rede waarom dit aanhoudend gebeur en verduidelik kortliks hoe om hierdie probleem op te los. (2)
- 5.1.3 Jy het probeer om 'n inhoudsopgawe by die brosjure wat die byeenkoms adverteer, in te voeg, maar sommige van die items wat veronderstel is om in die tabel te wees, verskyn nie. Verduidelik kortliks hoe jy hierdie probleem sou oplos. (2)
- 5.1.4 Een van die organiseerders kla dat, wanneer hy 'n nuwe woordverwerkingsdokument begin, hy elke keer die verstek-kantlyninstellings moet verander. Verduidelik kortliks wat met die term *verstek* in hierdie konteks bedoel word en gee EEN moontlike oplossing vir hierdie probleem. (2)
- 5.2 Jy het 'n foto van die sportpawiljoen op die voorblad van die uitnodiging ingesluit. Iemand het 'n stiffiedisket gebring om 'n kopie van die foto, *Pavilion.bmp*, te kry, maar wanneer jy dit probeer stoor, is die lêer te groot.
- 5.2.1 Wat is die tipiese stoorkapasiteit van 'n stiffiedisket? (1)
- 5.2.2 Noem TWEE wyses waarop jy die probleem dat die lêer te groot is, kan oplos. (2)

- 5.3 Die skool het 'n spesiale bankrekening oopgemaak vir die koste verbonde aan die byeenkoms.
- 5.3.1 Wanneer jy op die internet-bankwebtuiste aanteken, sien jy 'n waarskuwing oor 'phishing'. Verduidelik kortliks wat 'phishing' beteken deur na EEN tipiese manier waarop 'phishing'-aanvalle plaasvind, te verwys. (2)
- 5.3.2 Noem TWEE sekuriteitsmaatreëls wat banke gebruik om die sekuriteit van internet-banktransaksies te verbeter. (2)
- 5.4 Daar word van jou verwag om noukeurig boek te hou van die begroting vir die byeenkoms en jy besluit dat 'n sigbladprogram die vanselfsprekendste instrument is om dit te doen. Stel TWEE instrumente of kenmerke van 'n sigblad voor wat jy kan gebruik om jou te waarsku wanneer daar oorbestede word. (2)

[17]**VRAAG 6**

- 6.1 Jy moet die besonderhede van al die deelnemers boekstaaf. Twee van die organiseerders stry oor of 'n sigblad of 'n databasis gebruik moet word om die deelnemers se besonderhede te boekstaaf en om die uitslae op die dag van die byeenkoms vas te lê en te verwerk.
- 6.1.1 Noem TWEE voordele van die gebruik van 'n sigblad en TWEE voordele van die gebruik van 'n databasis in hierdie omstandighede. (4)
- 6.1.2 Elkeen van die deelnemers sal 'n unieke deelnemernommer moet hê.
- Noem TWEE kenmerke van 'n databasisprogram wat gebruik kan word om te verseker dat geeneen van die deelnemers dieselfde deelnemernommer sal hê nie. (2)
- 6.1.3 Ontwerp 'n databasisstruktuur vir die deelnemers se rekords. Noem DRIE velde, van VERSKILLENDE Tipes, wat benodig sal word en stel voor wat die veldtipe moet wees van elke veld wat jy noem. (3)
- 6.1.4 Gee TWEE redes waarom jy 'n vorm in 'n databasis sal gebruik om die data vas te lê, in plaas daarvan om die gebruiker toe te laat om data direk in die tabel in die databasis in te sleutel. (2)


- 6.2 Die databasis is ontwerp om die vyf hoogtes wat deur elke hoogspringdeelnemer gespring is, vas te lê, maar daar is nagelaat om kennis te neem van die feit dat die *gemiddelde* van al vyf hierdie hoogtes vir elke deelnemer ook bereken moet word.

Beskryf TWEE maniere waarop jy hierdie probleem kan oplos, buiten om die berekeninge met die hand doen. (2)

- 6.3 'n Databasis is slegs so goed soos die gehalte en akkuraatheid van die data wat in die databasis vasgelê word.

Noem TWEE kenmerke of instrumente van 'n databasis wat gebruik kan word om die aantal datavasleggingsfoute te verminder en die geldigheid van die data te vergroot. (2)

- 6.4 Jy het 'n databasislêer genaamd *comtestants.mdb* geskep. Wanneer jy die spelfout sien, probeer jy om die lêer te hernoem ('rename') en jy ontvang die volgende foutboodskap:



- 6.4.1 Verduidelik kortliks wat 'n *lêeruitbreiding* ('file extension') is. (1)

- 6.4.2 Verduidelik waarom hierdie boodskap voorkom en waarom die lêer onbruikbaar ('unusable') kan word. (2)

- 6.5 Die besonderhede van al die honderde deelnemers is vasgelê en 'n brief moet aan al die individuele deelnemers gestuur word sodat hulle hul inskrywingsbesonderhede kan bevestig.

Verduidelik hoe jy in staat sal wees om dit te doen. Beskryf die proses wat jy sal volg, NIE die spesifieke kieslysopsies ('menu options') wat jy sal kies nie. (3)

- 6.6 'n Plaaslike sportdragkleinhandelaar het die skool 'n R1 000-donasie aangebied in ruil vir 'n kopie van die databasis wat die deelnemers se besonderhede bevat.

- 6.6.1 Noem TWEE redes waarom 'n maatskappy geld sou betaal om hierdie databasis te bekom. (2)

- 6.6.2 Bespreek kortliks die etiek daarvan om hierdie databasis te verkoop. (2)

[25]

VRAAG 7

7.1 Die skool wil hulle internetwebtuiste vir die promosie en die fasilitering van die organisasie van die atletiekbyeenkoms gebruik. Hulle gebruik tans Telkom as hulle ISP en hulle webtuiste kan by die volgende adres gevind word:

<http://www.columbushighschool.org.za>


- 7.1.1 Beskryf kortliks wat die funksie van 'n ISP is. (2)
- 7.1.2 Die *.org*-gedeelte is een van verskeie hoëvlak-domeinname. Wat dui die *.org* in 'n URL gewoonlik aan? (2)
- 7.1.3 Daar moet 'n e-pos-adres aan elkeen van die organiseerders toegeken word.

Sou dit beter wees om hulle huidige ISP te gebruik om e-pos-adresse op te stel of moet 'n webgebaseerde e-pos-diens soos Webmail eerder gebruik word? Gee TWEE redes om jou antwoord te ondersteun. (2)
- 7.1.4 'n Webbladsy is vir die vergadering geskep. Noem DRIE faktore wat webryers ('web surfers') sou kon beïnvloed om na die webtuiste terug te keer, buiten die inhoud self. (3)
- 7.1.5 As deel van 'n publisiteitsveldtog is jy aangemoedig om 'n *blog* op te stel en om *podcasts* op die webtuiste te gebruik. Verduidelik ELK van hierdie konsepte. (2)
- 7.1.6 Verduidelik kortliks wat 'n *domeinnaam* in terme van die internet is en gee die domeinnaam van die skool. (2)
- 7.2 Op die dag van die byeenkoms verskyn daar 'n boodskap op die skootrekenaar se skerm dat dit op die punt is om te hiberneer ('hibernate').
- 7.2.1 Verduidelik die betekenis van hierdie boodskap. (1)
- 7.2.2 Waarom verskyn hierdie boodskap op die skootrekenaar, maar nie op die PR ('PC') nie? (1)
- 7.3 Die organiseerders is bekommerd dat daar dalk 'n kragonderbreking op die dag van die byeenkoms kan wees.
- 7.3.1 Gee EEN rede waarom 'n kragonderbreking 'n verlies aan data tot gevolg kan hê. (1)
- 7.3.2 Watter hardeware kan die organiseerders oorweeg om te gebruik om te verseker dat hulle nie onnodig data verloor as gevolg van 'n kragonderbreking nie? (1)

- 7.4 Terwyl jy die webblaaiër ('web browser') gebruik, ontvang jy 'n boodskap wat sê '*pop-ups are blocked*' en dat die opsie om 'pop-ups' te gebruik in werking gestel moet word. 'n Kollega stel voor dat dit gedoen is om spioenware te blokkeer.
- 7.4.1 Verduidelik kortliks wat *spioenware* is. (2)
- 7.4.2 Wat is 'n '*pop-up*'? (2)
- 7.4.3 Gee raad oor of die opsie om 'pop-ups' toe te laat in werking gestel moet word, of nie. Motiveer jou antwoord. (2)
- 7.5 Op die dag van die byeenkoms kla sommige datavasleggers dat die rekenaar stadig geword het. Iemand stel voor dat die outobeskerms-opsie van die antivirus-sagteware afgeskakel word omdat dit die rekenaar stadiger maak en aangesien hulle nie aan die internet gekoppel is nie, die bedreiging van virusse minimaal is.
- 7.5.1 Verduidelik wat 'n *rekenaarvirus* is. (3)
- 7.5.2 Lewer kritiese kommentaar op die raad wat gegee is. (2)

[28]**VRAAG 8**

- 8.1 Sommige van die rekords wat by vorige byeenkomste opgestel is, is in 'n tabel in 'n woordverwerkingsdokument getik. Beskryf hoe om hierdie inligting in 'n tabel in 'n databasis te kry sonder om al die data oor te tik. (3)
- 8.2 'n Aantal van die deelnemers se name gebruik diakritiese karakters soos die é in Fouché en die ü in Bülbring. Hoe kan die datavasleggers hierdie karakters insleutel indien dit nie op die sleutelbord voorkom nie? (1)
- 8.3 Wanneer 'n woordverwerkingsdokument opgemaak word wat die name van potensiële borge bevat, verskyn die volgende dialoogkassie:



Verduidelik wat *makro's* is deur te verwys na 'n geskikte voorbeeld van waar dit moontlik gebruik kan word en lewer ook kommentaar op waarom dit as potensiële 'gevaarlik' beskou word. (4)

- 8.4 Tydens die byeenkoms raak dit duidelik dat beskikbare skyfspasie op die skootrekenaar min raak en daar word voorgestel dat dit 'n goeie idee is om die hardeskyf te defragmenteer om ekstra skyfspasie beskikbaar te maak.
- Verduidelik waarom hierdie raad nie sin maak nie deur te verduidelik wat 'n skyfdefragmenteringsprogram doen. (3)
- 8.5 Een van die organiseerders stel voor dat die deelnemers 'n numeriese waarde of kode insleutel, wat die skool of klub waarvan hulle lede is, uit 'n lys moontlike klubs en skole verteenwoordig (saam met die onderskeie 'kodes').
- Noem TWEE moontlike voordele van hierdie benadering. (2)
- 8.6 Een van die organiseerders het 'n sigblad opgestel om statistiek van die aantal deelnemers per ouderdomsgroep en volgens geslag te hou.
- Sy is egter 'n bietjie verward aangesien haar seun wat haar gehelp het, dollar-tekens in sommige van die formules gebruik het, maar nie in ander nie.
- 8.6.1 Wat word hierdie tipe selverwysing genoem waar 'n dollar-teken vooraan die selverwysings geplaas word, byvoorbeeld A\$5? (1)
- 8.6.2 Verduidelik kortliks waarom ons in sommige gevalle hierdie tipe selverwysing gebruik en nie in ander gevalle nie deur na 'n geskikte voorbeeld te verwys. (3)
- 8.7 Dieselfde organiseerder het ook 'n reeks grafieke opgestel in 'n verslag wat in 'n woordverwerkingsdokument voorberei is. Sy wil egter nie elke keer die grafieke oordoen wanneer die data in die sigblad verander nie.
- Verduidelik aan haar hoe sy hierdie probleem kan oorkom deur die verskil tussen *ingebedde objekte* ('*embedding objects*') en *gekoppelde objekte* ('*linking objects*') te verduidelik. (3)

[20]**TOTAAL AFDELING B: 130****GROOTTOTAAL: 150**